

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 146, Nov. 1979

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

LEWE IN DIE VERBOND

*God's geheim'nis is die lewe
Vir wie wandel in sy vrees;
En Hy't sy verbond gegewe
Om vir hul 'n lig te wees..."*

(Totiusberyming van Ps. 25:14)

Die Verbond - God se Huisgesin.

As ek dink aan die Verbond, dink ek dadelik aan: God en sy mense. Die begrip straal vir my WARMTE! Soos "huisgesin". God se huisgesin.

Vir die normale mens is sy huisgesin sy "warmte op aarde". Dit hoef ek seker nie met baie woorde te omskryf nie. Elkeen weet mos wat dit beteken om nie los-los voort te dryf nie, maar om vas betrokke te wees by *jou* mense, *jou* bloed, *jou* ouers *en* *jou* kinders. Die huisgesin is die binding, die troos, die toevlug, die sekuriteit...

Jy besef dit veral as jy *weg* is van jou mense — 'n dienspligtige daar in die bos...

Jy besef dit as jou huisgesin uitmekaar geslaan is deur dood, deur egskeiding, deur sonde en sy gevolge...

Jy kan soms ook so maklik wegdryf van God en sy mense; weg van God en sy huisgesin. Jy dink mos soms dis lekkerder om los te wees, op eie bene te staan.

Is u miskien ook een wat nie meer die warmte van die Verbond beleef nie?

WAT IS DIE VERBOND?

Ek gaan nie tegnies daarop in nie. U sal wel elders in hierdie uitgawe meer dáárvan lees.

Ek wil dit net heel eenvoudig stel: Die Verbond is God se "huisgesin".

Behoort u tot sy huisgesin?

Maar is alle mense dan nie sy mense nie?

Hy het ons almal tog gemaak?

Nee, nie alle mense behoort tot sy huisgesin nie, is nie in daardie mees intieme sin syne nie. Baie verkies om eie baas te wees en stel hulle daarmee onder die patronaat — vaderskap — van die duiwel!

Die Verbond is: Vader en sy kinders, met al die voorregte *en* verpligtinge wat dit meebring.

HOE KOM EK IN GOD SE HUISGESIN IN?

Wel, hoe word ek lid van enige huisgesin?

Op een van twee maniere:

Of ek word as kind van my ouers in die huisgesin gebore.

*Of ek word deur ouers as kind **aangeneem** — adopsie.*

Net so by God se huisgesin. Ek kom in die Verbond deur geboorte of deur aanneming.

Toe God sy Genadeverbond met die mens gesluit het, het Hy hom in sy huisgesin opgeneem deur aanneming. Abraham is immers geroep uit die heidendom en God het heerlike dinge van blywende waarde aan hom beloof.

Hy het in God geglo, en moes hom toe laat besny. Dit was 'n bloedige teken van die vastigheid van sy inlywing in die Verbond *en ook vir sy kinders* dieselfde. Daarom moes hulle ook besny word en daarna alle manlike afstammelingen op agt-dae-ouderdom. *Hulle* is

in God se huisgesin opgeneem, nou deur *geboorte*. Van dit alles kan u lees in Gènesis 12, 15 en 17.

VROEËR BYKANS NET JODE IN SY HUISGESIN.

So was dan in die ou tyd die Jode God se huisgesin. Net jammer so baie van hulle is onterf as kinders, omdat hulle hul Vader se beloftes in ongeloof verwerp het: Hebreërs 3:14 en verder.

U weet mos: dit kan met enige ondankbare kind in 'n huisgesin gebeur as hy nie oppas nie!

NOU OOP VIR ALLE VOLKE!

En ons dan, wat nie afstammeling van Abraham is nie?

O, groot genade!

Jesus Christus het gekom en met sy bloedstorting die huisgesin van sy Vader oopgemaak vir die heidendom.

Uit die ander nasies roep Hy nou ook sy aanneem-kinders na Hom toe, en as hulle glo in sy beloftes, lyf Hy hulle in sy huisgesin in, om saam met die gelowiges uit die Jode te deel in die erfenis (Handelinge 2:39).

U sien: Hier is *aanneming*, volwassenes wat tot geloof kom, en daarom ook die doop as teken van hulle inlywing in die huisgesin ontvang. Maar *hulle* kinders word nou weer in die Verbond *gebore*, en daarom begryp u waarom dan die klein kindertjies gedoop word. Die lammers wat in die kudde met lamtyd aankom, word dadelik gemerk aan die oor...

Hoekom dan nie die klein kindertjies van God se huisgesin nie?

God se huis staan oop! Sy kinders mag maar inkom.

U ook. As u nog nie daar was nie, kom dan maar. Glo sy beloftes, óók vir u bedoel, as u dit hoor iewers in 'n preek of lees in die Bybel...

Hy sal u inlyf.

En u en u kinders sal die warmte van die lewe in God se huisgesin ervaar.

Onthou net: 'n Huisgesin beteken: heerlike voorregte, *maar ook* groot verpligtinge.

Daartoe wil Christus u help deur sy Heilige Gees.

Dirk Postma.

DIE DOOP,

Teken en Seël van die Verbond.

Ja, jy het reg gelees. Die opskrif bo hierdie artikel is nie verkeerd nie. Die Doop is die teken en seël van die Verbond van God. Maar moenie nou al ophou lees, omdat die opskrif miskien nie vir jou heeltemal duidelik is nie. Lees gerus verder en dan sal die saak wel duidelik word.

Die doop is dus 'n *teken*, en dit is ook 'n *seël*. Bietjie anders gesê, meer persoonlik: *Jou* doop is 'n teken en 'n seël.

'n Teken en 'n seël waarvan? Kom, ons gaan kyk!

WAARHEEN WYS DIT?

Wat is 'n teken en 'n seël eintlik? Wel, dit is heel eenvoudig. 'n *Teken wys my op iets*, en 'n *seël verseker my van iets*.

Dink aan 'n trouing. 'n Trouing is nie die huwelik nie, maar dit is vir die een wat dit dra, die teken dat hy of sy wel getroud is, die trouing *wys heen* na die huwelik.

Dink ook aan die groot, rooi, ronde seël op 'n amptelike dokument of 'n graadsertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van 'n universitêre studie uitgereik word. So 'n seël gee aan elkeen wat die dokument lees, die *versekering* dat die inhoud van die betrokke dokument waar en vas is.

WAARBORG VAN GOD SE BELOFTES.

Jou doop is 'n *teken* van die beloftes van God.

En jou doop is ook 'n *seël*, d.w.s. dit gee aan jou die versekering dat die beloftes van God waai en vas is.

Maar van watter beloftes van God is jou Doop nou teken en seël?

In die Heidelbergse Kategismus, antwoord 69, agter in jou Psalmboek, lees ons dat jou doop 'n teken en seël is *van die belofte van die bloed en Gees van Christus*.

Jou doop is dus eers 'n *teken* wat heenwys na *die bloed van Christus*, maar dit is ook 'n *seël* wat aan jou verseker dat jy deur daardie bloed vergewing van jou sondes ontvang *en deur niks anders nie*.

Maar jou doop is ook 'n *teken* wat heenwys na *die Gees van Christus*, maar dit is ook 'n *seël* wat aan jou verseker dat jy deur daardie Gees wedergebore word *en deur niemand anders nie*.

HOE GOD SE BELOFTES JOU DEEL WORD.

En die beloftes, naamlik dat jy deur die bloed van Christus vergewing van jou sondes ontvang en dat jy deur die Gees van Christus wedergebore word — *die beloftes staan van God se kant altyd vas*. Maar die *vervulling* van die beloftes word slegs jou deel wanneer jy hulle gelowig aanvaar. En wat is geloof? Jy is 'n gelowige as jy vas vertrou dat die Vader in die hemel 'n God is van sy Woord; dat Hy sal doen wat Hy sê; dat Hy nie net spreek nie, maar ook sy beloftes in jou lewe tot werklikheid maak.

Maar hier moet jy oppas! Dit is nie so dat God met sy beloftes van sondevergewing en wedergeboorte na jou toe kom, en dat jy dan kan besluit of jy die beloftes gelowig sal aanvaar of nie. Want die geloof is óók 'n gawe van God. 'n Gawe wat Hy aan jou skenk deur sy Heilige Gees wat die geloof in jou hart werk deur die verkondiging van die Evangelie. Dus: as jy 'n gelowige wil word of wil wees of wil bly, is daar maar een pad. Dan moet jy kerk toe. Altyd maar weer.

BELOFTE EN EIS IN DIE VERBOND.

Maar, terug na jou doop: Wat het God nou eintlik gedoen toe Hy lank gelede die sakrament van die doop aan jou laat bedien het?

Hy het twee dinge gedoen!

Eers het Hy gekom met 'n *belofte*, naamlik dat Hy jou sondes wil vergewe, omdat sy Seun Christus met sy eie bloed daarvoor betaal het. En tegelykertyd het Hy ook belowe dat die Gees van Christus daarvoor sal sorg dat jy 'n wedergeborene sal word.

Maar *in die tweede plek* het God ook gekom met 'n *eis*, naamlik dat jy moet glo wat Hy jou belowe het; dat jy vas moet vertrou dat God sal doen wat Hy belowe het.

By jou doop het God dus gekom met 'n *belofte* en 'n *eis*. Is dit nie pragtig nie? God gee eers voordat Hy *vra*. God wil met jou in 'n bepaalde verhouding staan. In die verhouding van Vader tot kind. In 'n verhouding waarin Hy altyd die beste vir jou wil. En die verhouding noem ons die Verbond. En in daardie verhouding gee God eers sy beloftes van sondevergewing en wedergeboorte. En eers nadat Hy die beloftes gegee het, stel Hy sy eis. En nou moet jy glo uit dankbaarheid vir alles wat God vir j^ó wil wees. Verstaan jy nou jou Doop as teken en seël van die Verbond? Maar dan is jy nou immers ook dankbaar? En bring jou dankbaarheid jou dan nie tot 'n lewe tot eer van sy heilige Naam nie? Ek vra maar net!

Ton Lindhout.

DIE MAALTYD VAN DIE HERE, Feesete van die Verbond.

'N VERGETE MAALTYD?

Miskien was jy nog nooit aan 'n nagmaalstafel nie. Uiters dalk een- of tweemaal. Ja, jy is nog in die kerk gedoop, maar jy het in elk geval so ver weggedwaal dat jy nie eers kan onthou of jy ooit nagmaal gevier het nie.

Buitendien, nagmaal — dit jaag koue rillings langs jou rug af. Dis mos net 'n maaltyd vir uitgesoekte kerkmense...?

CHRISTUS WAG OP JOU.

Jy het al vergeet. Maar ook vir jou staan Christus by die deur en klop. Deesdae sou ons sê: Aanhoudend lui Hy die voordeurklokkie. "As iemand My stem hoor," sê Hy, "en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en met hom maaltyd hou, en hy met My." (Openbaring 3:20).

KYK DAARNA IN 'N NUWE LIG.

Mag ek jou help verstaan wat die "maaltyd van die Here" is? En mag ek jou laat sien waarom Hy jou óók daar wil hê?

Onthou jy die nag toe Jesus verraai is? Toe het Hy vir oulaas nog met sy dissipels saam geëet. En by dié Paasmaaltyd het Hy iets besonders gedoen. Hy het die beker wyn (daar

was altyd méér as een) opgetel en gesê: "Hierdie beker is die nuwe testament (verbond) in my bloed..." (Luk. 22:20).

Jesus praat van 'n nuwe verbond, beseël met sy bloed. Dit kan jy nie begryp tensy jy eers Exodus 24:1-11 verstaan nie. Daar vertel Moses hoe God 'n verbond met sy ou kerk gesluit het.

SAAMGEBIND DEUR EEN BLOED.

Die sluiting van 'n verbond is altyd met bloed beseël. Daarom hoor ons in Exodus 24:4 en 5 van 'n *altaar*. Daar moes Moses namens Israel eers 'n brandoffer en vrede offer bring. *Bloed* moes vloei. God, die Heilige, verbind Hom nie aan onheilige sondaars sonder *versoening* nie. Eers moes met bloed ('n lewe) betaal word. So is Israel met God versoen. So het God op Israel beslag gelê ... om met Hom in verbond te lewe.

Toe die offers klaar gebring is, is van die offerbloed op albei bondgenote gesprinkel, op God (die altaar), die vernaamste Bondgenoot, en toe op Israel — die ander verbondsparty. Deur één bloed is God en Israel vir god aan mekaar verbind.

BONDGENOTE VIER HUL VERBONDENHEID.

Na die verbondsluiting is God die Gasheer. Hy bied sy bondsgenoot 'n feesmaaltyd aan! Israel se oudstes het God se heerlijkheid aanskou (vs. 10 en 11) en saam met Hom geëet en gedrink. Aan één tafel het hulle hul verbondenheid gevier!

Net so was dit by die Pasga. Eers is die offerlam geslag — 'n versoening vir hulle sondes. Daarna was die paasmaaltyd — fees saam met God, Exodus 12.

VERBIND AAN GOD DEUR CHRISTUS SE BLOED.

Luister nou mooi wat Christus daar by die eerste nagmaal vir jou en my belowe. Die beker met wyn is die teken, ja selfs 'n waarborg.' God wil met ons 'n nuwe verbond sluit. Daar wás 'n altaar — die kruis op Golgota. Daar het Christus, die Lam van God, sy lewe (bloed) gegee ... ook vir jón sondes. Hy is ons Pasga wat vir ons geslag is (I Kor. 5: 7). Deur sy bloed wil God jou aan Hom verbind — vir ewig!

EN NOU DIE MAALTYD VAN DIE HERE.

Nou mag jy dit vier. Jy mag aansit aan die "tafel van die Here". Tussen God en jou is ewig vrede. Daar wink 'n pragtige toekoms! Sê my: die plek wat Christus vir jou betaal het aan daardie feesmaal, gaan jy dit leeg laat staan? Dit was verskriklik duur! Hy sê: As jy my dood so verkondig totdat Ek kom, mag jy saam met My en al my bondgenote aansit aan die bruilofsfees van die Lam! (Openb. 19:9).

Nardus Droomer.

EXODUS 20,

TIEN WOORDE van die Verbond.

GEEN KOUE GODSDIENSREËLS.

Wanneer 'n mens voor die Tien Gebooie gestel word, is dit maklik om die christelike geloof verkeerd voor *U*: stel — vir iemand wat daar buite staan. Jy kan maklik dink dat dit 'n koue

saak is wat deur wette gereël word — die Tien Gebooie is immers tien wette wat aan die mens voorgeskryf word. So 'n wettiese saak lyk sekerlik ook nie aantreklik nie - maar weer, so kan alleen iemand dink wat daar buite staan. Daarom hierdie uitnodiging, kom kyk hoe lyk dit van binne, kom kyk na hierdie heerlike voorreg waaraan die gelowiges deel het.

DEEL VAN 'N INTIEME VERHOUDING.

Dadelik kan 'n mens dan vra: Is 'n wet dan 'n voorreg? En die antwoord is ondubbelsinnig: Ja, want hierdie wet is die woorde van die verbond. "Verbond" is die woord wat gebruik word om aan te dui dat daar 'n sekere verhouding is tussen God en dié wat in Hom glo. Die mens is inderdaad 'n wese wat op verhoudings aangewys is. Dink maar aan die verhouding tussen man en vrou, ouers en kinders, werkgewers en werknemers, owerheid en onderdaan, selfs tussen verskillende state. Laasgenoemde word in ons tyd deur verdrae gereël, sodat sekere state hulle onderling aan mekaar verbind.

IN BYBELSE TYE GEBRUIK.

Dit is nie 'n moderne saak nie. Reeds in die Bybelse tyd was daar sulke verdrae tussen state gewees — en hierby sluit God aan in sy verbond met sy kinders. Die Hetiete van die tyd van Moses het verdrae gesluit met allerhande klein state wat van hulle afhanklik was. Die verdrag is dan 'n uitdrukking van die verhouding tussen die state, waarin die belangriker Hetitiese koning se belange voorop gaan— juis omdat hy op een of ander wyse goed gedoen het aan die minder belangrike koning.

GODGEE SY VERBOND.

So het God aan sy kinders goed gedoen. Hy het die Israëliete uit Egipte verlos, hulle sy kinders gemaak en so 'n besondere verhouding met hulle aangegaan. Hy het sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur, ons sondes aan Hom gestraf en so 'n nuwe verbond met die gelowiges gesluit. So gaan die inisiatief van God voorop. Hy skenk eers sy genade, Hy skep 'n heerlike verhouding met sy kinders — en dan bepaal Hy hoe hulle in daardie verhouding moet lewe. Dan is daardie bepalings nie harde eise wat op God se kinders gelê word nie, dit is iets wat in hulle harte leef - omdat hulle met God leef, omdat hulle deel het aan sy genade, omdat hulle van harte op die genade wil antwoord.

LEWE IN DIE VERBOND - 'N VORREG.

Gaan beoordeel die Tien Gebooie in die lig hiervan, in die lig van God se heerlike genade, en dit is duidelik wat 'n voorreg daarin vir God se kinders is. Dien geen ander gode — maar ons wil ook nie, want God het sy genade aan ons gegee. Maak geen beelde — want ons het die Woord van die lewe. Moenie God se Naam ydellik gebruik nie — maar ons kan nie, want ons wil Hom steeds groot maak. Gedenk sy dag — ja, want dit is 'n heerlike voorreg om God op so 'n besondere wyse aan te roep en te vereer. Leef die liefde tot die naaste uit — ja, van harte, want so dra ons God se liefde verder.

DEUR GELOOF JOU DEEL.

In die verbond word God se liefde en genade dus saamgevat. In die verbond leef God se kinders altyd met God, 'n heerlike voorreg. Glo in God, en hierdie genade en voorreg sal ook jou heerlike besitting word — en jou lewe 'n heerlike getuienis volgens die woorde van die verbond.

Herrie van Rooy.

GEBED is

Gemeenskap met die Verbondsgod.

GESPREK MET GOD ONMOONTLIK.

Gebed is niks anders nie as 'n gesprek met God.

Hoe stel die Bybel God, die enige ware God, aan ons bekend?

Hy is: „HERE, God van die hemel, grote en gedugte God..." (Neh. 1:5).

Hy word so aangespreek: „U is alleen die HERE, U het die hemel, die hoogste hemel en al sy leërskaare, gemaak, die aarde en alles wat daarop is, die see en alles wat daarin is, en U hou dit alles in die lewe, en die leër van die hemel buig hulle voor U neer" (Neh. 9:6).

Hoe kan ons Hom dan aanbid? Ons is nietige, vuil sondaars voor Hom; totaal onwaardig! „... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" (Rom. 3: 23). "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie" Rom. 3:10).

As jy eerlik na jou eie lewe, jou woorde, jou daade, en jou sondige gedagtes kyk, dan sal jy sidderend uitroep: „Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe ..." (Jes. 6: 5). Jou gesindheid sal dié wees van Petrus wat uitroep: "Gaan weg van my HERE, want ek is 'n sondige man" (Luk. 5: 8).

GOD KOM VERBIND HOM AAN ONS.

As dit al was, dan sou niemand die reg hê om te bid nie.

Maar dieselfde Bybel wat God in sy skitterende heiligheid en majesteit bekendstel en my sonde oopvlek tot op die been, vertel van God se verbond.

Verbond beteken dat God met jou 'n ooreenkoms aangaan; 'n kontrak sluit. Nie omdat jy dit vra of verdien nie, maar in sy vrymag en sy ewige liefde het Hy self besluit om Homself kontraktueel aan jou te verbind:

„Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17: 6).

„As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees ..." (Ex. 19: 5).

Dit is die verbondsrefrein deur die hele Ou Testament: „Ek sal vir jou 'n God wees en jy is my eiendom".

Dit bly steeds so, ook in die tyd van die Nuwe Verbond: „Want dit is die verbond wat Ek na dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: ... en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir my 'n volk wees" (Heb. 8: 10).

VERBOND BESEËL MET CHRISTUS SE BLOED.

Indertyd is die ou verbond met die bloed van diere gesluit (Ex. 24:5-8). "Dit is die bloed van die verbond wat die Here met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde".

Die nuwe verbond of kontrak is met die bloed van Jesus Christus geskrywe (Matt. 26:28 en Hebr. 9:14-23).

Daarom kan ek as vervloekte sondeur in die gebed nader tot die grote God. Hy het my dan kontraktueel, of verbondmatig aan Hom verbind.

GEBED IS BEROEP OP GOD SE VERBOND.

Al het ek nog so diep in die sonde verstrengel geraak en van Hom ook al hoe ver afgedwaal *kan* ek, en *mag* ek, en *moet* ek bid:

„Ons is omring deur skrik en duisterheid: Uit donker plekke loer die onheilsmagte. Maar bo ons skyn die helder sterrewagte van U verbond, waarop ons voor U pleit."
(Psalm 74: 15, berym)

Juis wanneer ek aanvaar en glo en bely dat ek sy verbondskind is, leef ek in voortdurende verbondsgemeenskap met Hom en bely biddend:

Hy't sy verbond gegewe
om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die Heer
wat my so getrou gelei het ..."
(Ps. 25: 7, berym).

Jy wat gedoop is, het ook die sigbare teken en seël ontvang dat God Homself kontraktueel aan jou verbind het. Jy is sy kosbare verbondseiendom. Al het jy die kontrak verbreek, het God nog nie die kontrak met j^óu verbreek nie. Jy kan jou nou nog beroep op God se getrouheid aan sy verbond en weer begin om verbondsgemeenskap met die Verbondsgod van hemel en aarde te smaak.

Flip Buys.

AS CHRISTUS KOM.

As Christus kom....

Kan jy jou voorstel hoe dit sal wees?

Miskien dink jy liever nie daaraan nie. Miskien maak dit jou bang. Miskien ontwyk jy die gedagte.

HY KOM MET GROOT HEERLIKHEID.

Die dag van sy koms sal *DIE DAG* in die wêreldgeskiedenis wees. Dit sal alle vorige dae duisendmaal oorskadu - selfs die dae wat die grootste geskiedkundige dinge afgespeel het.

Want Hy kom nie weer as nederige Dienskneg nie. Hy kom as verheerlikte Koning. Hy kom met al die majesteit van God self! Die Bybel sê dat Hy dan geopenbaar sal word. Met ander woorde sy volle heerlikheid word dan onthul.

HOE GAAN JY HOM ONTMOET?

Sal jy Hom *vrymoedig* kan ontmoet? (I Joh. 2:28). Of sal jy *beskaamd* van Hom wegvlug?

Om iemand vrymoedig te ontmoet, beteken: jy wil aan hom sonder skaamte, sonder terughoudendheid, alles sê wat jy op die hart het. Verwar vrymoedigheid nie met vrypostigheid nie. As jy vrypostig is, dan het jy nie respek en ontsag nie.

As Christus kom, sal jy soos Johannes, toe hy Christus op Patmos gesien het (Openb. 1:17), met ontsag en huiwering op jou gesig neerval. En tog, sal jy vrymoedig na Hom gaan — bly dat Hy gekom het?

Of sal vreeslike ontsetting jou aangryp? Sal jy bid dat die grond jou moet insluk — beskaamd? Beskaamd - omdat dit so anders is as wat jy dit verwag het?

Daar is mense wat nou hier op aarde 'n groot mond het. Op Die Dag sal alle woorde op hulle lippe sterf.

DIE GROOT VRAAG.

Hoe sal Christus ons aantref by sy koms? Dis die groot vraag.

I Johannes 2:28 sê die vrymoedigheid om Hom te ontmoet, sal daar wees as jy nou, hier al, „in Christus bly“.

Om in Christus te bly, beteken om volhardend in Hom te glo, in alles wat Hy gedoen het om jou sonde te betaal, dat jou hele lewe deur Hom beheers word, dat Hy alles in jou lewe te sê het — ja, dat jy leef in verbond met Hom!

Nardus Droomer.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.